STELLENBOSCH
STELLENBOSCH • PNIEL • FRANSCHHOEK
MUNISIPALITEIT • UMASIPALA • MUNICIPALITY

NUUSBRIEF IPHEPHANDABA NEWSLETTER

UITGAWE 55 - 2019 • EDITION 55- 2019

Van die Burgemeester From the Mayor

Liewe Inwoners

Ons dorpe blom en is pragtig! Dis 'n mooi tyd van die jaar, maar ook besig met die skole en universiteit wat sluit en talle jaareind funksies vir besighede en instansies. Tog wil ek nog graag vir oulaas hierdie jaar met u gesels.

Nuwe geleenthede vir Entrepreneurs

Ons almal weet dat werksgeleenthede in ons land tans maar min is en dat ons beste kans op ekonomiese groei is om klein en medium besighede te begin. Dis 'n welbekende feit dat hierdie besighede die meeste werkgeleenthede skep. Ons moet dus entrepreneurs bemagtig, maar om 'n entrepreneur te wees is definitief nie maklik nie, veral as dit met min fondse en geleenthede gepaard gaan. Dit verg 'n baie spesiale persoon met deursettingsvermoë en 'n sterk veggees, iemand wat nie maklik tou opgooi nie. Ons streek is wel bekend daarvoor dat van ons land se voorste entrepreneurs hul oorsprong hier gehad het. Ons moet dus help om die entrepreneurskapsgees aan te moedig en te ontgin deur geleenthede te skep vir potensiale entrepreneurs.

Ons heel eerste #GetStarted Expo is een van die geleenthede wat ons geskep het om potensiële nuwe besighede te help vestig en groei. Die #GetStarted Expo is 'n inisiatief wat verskillende rolspelers vanaf die regering en privaatsektor bymekaar bring om met bestaande of potensiële entrepreneurs te skakel en te ondersteun. Dit is die eerste geleentheid van die soort wat ons Munisipaliteit aanpak en dit was 'n groot sukses. Met meer as 700 belangstellers het op die dag die expo besoek waar potensiële entrepreneurs kon aanklop by verskeie instellings om raad te vra oor moontlike ondersteuning, advies en finansiering. Die Provinsiale Departement

Dear Residents,

Our towns are in bloom and it is beautiful! It is a beautiful time of year, but also very busy with the schools and university closing and all the year-end functions for businesses and institutions. I would however like to talk with you for one last time this year.

New opportunities for Entrepreneurs

We all know that job opportunities in our country are few and that the best chance to grow our economy is to start small and medium sized businesses. It is a well-known fact that these types of business create the most job opportunities. We must therefore empower entrepreneurs, but being an entrepreneur is definitely not easy, especially when you have to do it with very little resources. It takes a very special person with determination, a fighting spirit and does not give up easily. Our region is well known as the origin of some of our country's most successful entrepreneurs. We must therefore create opportunities to encourage an entrepreneurial spirit by creating opportunities for potential entrepreneurs.

Our first ever #GetStarted Expo is one of the opportunities that we have created to help establish and grow new potential business. The #GetStarted Expo is an initiative that brings together various role-players from government and the private sector to engage and network with existing and potential entrepreneurs. It is the first time we attempt an event of this kind and it was a great success. More than 700 people visited the expo on the day. Potential entrepreneurs could consult with various financial institutions to ask for advice about possible financing and support. The Provincial Department of Social Service was also on hand to assist. Various local

Adv. Gesie van Deventer
UitvoerendeBurgemeester/ Executive Mayor
021 808 8002
mayor@stellenbosch.gov.za

In Memorium

In recent months we have lost two former Mayors of Stellenbosch. Former mayor Willie Ortel and former mayor Willie Meyer has passed away. Our condolences go to to their friends and families.

New Deputy and Speaker

The Council has a new Deputy Executive Mayor and a new Speaker. Congratualtions to Councillor Nyaniso Jindela, the new Speaker and Councillor Mienie Petersen, the new Executive Deputy Mayor. Congratulations also to Councillor Rikcus Badenhorst who took over the position of Mayoral Committee Member for Safety and Security.

van Maatskaplike ontwikkeling was ook byderhand om mense te adviseer. Verskeie plaaslike entrepreneurs het stalletjies beman en was byderhand met raad en leiding, vir veral die jong mense wat graag hul eie besigheid op die been wil bring. Ek is so aangenaam verras met die ongelooflike entrepreneurs wat reeds in die breër Stellenbosch besigheid doen! Ons beskik regtig oor ongelooflike talent, vanuit al ons gebiede.

Nog 'n inisiatief om entrepreneurs te bemagtig is ook onlangs geloods. Ek het u reeds voorheen vertel dat Ranyaka Community Trust die kontrak gekry het om die ou Victoriastraat Kliniek in 'n ekonomiese hub te omskep. Ranyaka het onlangs 'n bekendstellingsgeleentheid gehou om aan die gemeenskap te wys wat hulle beplan, vir insette te vra en ook om potensiële beleggers te lok. Ek moet sê ek is baie beïndruk deur die inisiatief en planne wat hulle het. Die opkomende entrepreneurs wat ek tydens die geleentheid ontmoet het is net so opgewonde vir die ondersteuning en leiding wat aan hulle gebied word en die besigheidsmoontlikhede wat die perseel vir hulle bied. Ek is werklik beïndruk met veral die jongmense van regoor ons gemeenskap wat werk skep vir hulself deur praktiese vaardighede, maar ook deur die gebruik van moderne tegnologie. 'n Eenvoudige toestel soos 'n slimfoon, maak wêrelde vir hierdie entrepreneurs oop!

Die Besigheidsforum

Ek het ook die afgelope tyd met bestaande besigheidsverteenwoordigers vergader. Selfs ons meer gevestigde besigheidsmanne en -vroue is vol wonderlike idees en inisiatiewe oor hoe om hulle gemeenskappe te bemagtig en op te bou. Ons maak reg deur die jaar tyd om met al die verskeie besigheidsgroepe in die dorp te vergader en te luister na hoe ons hulle kan help as deel van ons Besigheidsforum.
Daarom het ek onlangs 'n bietjie aandag gegee aan die besigheidsmense van Cloetesville. Dit is so 'n voorreg om te sit en luister na die stories van die besigheidseienaars en families wat al vir generasies in die omgewing bly. Dit is mense wat 'n werklike passie vir hul gemeenskap het en deur hul besigheidsbelange hul hele omgewing wil help verbeter en vorentoe neem.

Ek het ook die besigheidsvroue van Cloetesville genooi vir 'n oggendgeleentheid. Hierdie groep dinamiese vroue, het almal 'n ongelooflike passie vir hul gemeenskap en is almal betrokke by hul eie besighede. Hul is ambisieus, passievol en werk in verskeie ambagte wat strek van spyseniering tot elektronika.
Hierdie is maar die eerste stappie om meer vroue van regoor die breër Stellenbosch te help bemagtig, sodat vroue ook toegang tot gelyke geleenthede kry.

Hoogtepunte vir 2019

Wanneer 'n mens aan die einde van die jaar kom, is dit net reg dat ons 'n bietjie moet terug dink aan als wat gedurende 2019 gebeur het. Ek is ongelooflik trots op dit wat ons alles vermag het. Dit was werklik 'n jaar van hoogtepunte! Die afgelope 3 jaar het ons baie hard gewerk om die hoekstene en fondamente in plek te sit waarop ons moet voort bou. Alhoewel daar nog baie werk is, het ons hierdie jaar besonderse mylpale bereik. Ek noem vir u 'n paar van my gunsteling projekte.

Daar sal altyd uitdagings wees in terme van behuising. Tog het ons hierdie jaar groot vordering gemaak deur te begin met die oordra van ons ou behuisingslys na die nuwe

entrepreneurs manned their own booths and was on hand to give advice, answer questions and give guidance to especially young people who want to start their own businesses. I am so pleasantly surprised by the incredible entrepreneurs who are already operating in the greater Stellenbosch region. We truly have some wonderful talent from across our entire region.

We recently launched another initiative to empower entrepreneurs. In previous newsletters I mention that Ranyaka Community Trust won the contract to transform the old Victoria Street Clinic into and economic hub. Ranyaka hosted an introduction evening to show the community what they are planning for this space, to ask the community for inputs in their plans and to draw potential investors. I must say, I am very impressed with the initiative and the plans they have. The new entrepreneurs I met at the event are equally excited for the support and guidance that they are getting as well as the business opportunities that this space will provide them with. I am so impressed by the young people, coming from all over our community who are creating employment for themselves by applying practical skills but also using modern technology. A simple device like a smart phone opens a whole new world for them!

The Business Forum

In recent months I met with existing business representatives. Even our more established business men and women are full of wonderful ideas and initiatives about how to build and empower their communities. Throughout the year we make time to meet and talk with the various business groups in town and to listen to how we can help them as part of the Business Forum.

That is why I recently gave some attention to the business people in Cloetesville. It is such a privilege to sit and listen to the stories of business owners and families who have been living in the area for generations. It is people with a true passion for their community and want to improve their community and take them forward by using their business interests.

I also invited the women of Cloetesville for a morning event. This group of dynamic women all have an incredible passion for their community and they are all involved in their own businesses. They are ambitions, passionate and work in various fields ranging from catering to electronics.

This is only the first step to engage with women from the broader Stellenbosch region and to help and empower them so that women have access to equal opportunities.

Highlights for 2019

When one comes to the end of the year, it is only right that we think back about everything that happened during 2019. I am incredibly proud of everything we have achieved. It truly was a year filled with highlights! We have worked very hard the past three years to get the corner stones and foundation in place on which we can build. Although there is still much to be done, we managed some very special achievements. I recall some of my favourite projects.

There will always be challenges with regards to housing. Despite these challenges we made great progress with the moving of our old housing list the new Housing Demand

Behuisingsaanvraagdatabasis. Met die proses word al die inligting op die databasis gekontroleer en opgedateer deur samewerking en konsultasie met die inwoners. As deel van die proses het ons ook ’n behuisingstoepassing geloods wat dit vir inwoners makliker maak om op die behuisingsdatabasis te registreer.

Daarmee saam het ons ook ’n groot aantal titelaktes oorhandig. Eienaarskap is vir my baie belangrik dit sekuriteit bied aan inwoners wat vir die heel eerste keer in hul lewens hul eiendom besit. Ons het nog ’n finale geleentheid vir 2019 gehou op 21 November, waar ons nog 132 titel aktes aan inwoners oorhandig het. Hierdie aktes is deel van ’n historiese agterstand waaraan ons hard werk om uit te wis. Met die hulp van die Free Market Foundation se Kaya Lam Stigting en die Reinet Stigting, was dit my voorreg om aan hierdie inwoners, reg voor Kersfees die grootste geskenk denkbaar te oorhandig, eienaarskap van hul huis!

Verskeie behuisingsprojekte is ook aan die gang. In Idasvallei is vir die eerste keer in meer as 30 jaar gebou. Soekmekaar in Cloetesville se groot projek is reeds toegeken aan die beste tender. Die O Zone in Kayamandi het ’n aanvang geneem. Die haglike toestande in Mandela City informele gebied is omskep in baie oulike tydelike eenhede. Die Longlands projek wat al sedert 2009 sloer, se finale kontrakte om dit moontlik te maak, is ook uiteindelik geteken.

Ek dink ook terug aan ons programme en die vaardigheidsprogram.

Die Gee Verantwoordelik veldtog wat hawelose probeer help op ’n meer volhoubare wyse loop nog sterk en tot op datum is daar meer as 7000 koepons verkoop en meer as 2800 ingeruil vir dienste!

Klapmuts het ’n nuwe satelliet-brandweerstasie en pragtige moderne veeldoelige gemeenskapsentrum ryker geraak.
Franschhoek se spasie vir informele handelaars is uiteindelik voltooi asook die een in Idasvallei en die spasies word reeds gebruik.

Ons nuwe personeel organogram is geïmplementeer. Ons brandweerwa met ’n lang leer waaroor ons nooddienste droom sedert 2009 is aangekoop en afgelewer.
Dit is maar van die enkele hoogtepunte, maar ek kan u verseker daar is nog blaaie vol! Dit beteken egter nie dat die werk nou klaar is nie, daar lê nog baie harde werk voor, maar ek is baie tevrede dat ons mooi op pad is na ’n Munisipaliteit van uitnemendheid.

16 Dae van Aktivisme
Die jaarlikse veldtog vir 16 Dae van Aktivisme vir Geen Geweld teen Vroue en Kinders skop op 25 November weer af en duur tot 10 Desember. Die gebeure van die afgelope jaar het by ons almal ’n groter bewussyn gekweek oor die belang van hierdie veldtog. Die afgelope jaar was koerante vol van ’n ongekende aantal gruweldade teen vroue en kinders. Wat my hart breek is dat in so baie gevalle die aanvaller aan die slagoffer bekend was.

Ons moet aanhou praat oor die voorkoming van geweld teen veral vroue en kinders. Ons moet eerlike praat met mekaar oor hoekom dit gebeur en ons moet bewus wees van die tekens van

Database. With this process all the information on the database is being verified and updated in cooperation and consultation with the residents. As part of this process we have also launched a housing app that makes it easier for residents to register on the housing database.

We also managed to transfer a large number of title deeds. Ownership is very important because it provides security to residents who own their homes for the very first time in their lives. We have another final event for 2019 which took place on 21 November where we handed over another 132 title deeds. These deeds form part of a historical backlog that we are making effort to clear up. With the assistance of the Free Market Foundation’s Kaya Lam project and the Reinet Foundation it was my privilege to give these residents the greatest gift just in time for Christmas, the ownership of their home!

Various housing projects are also underway. In Ida’s Valley we are busy with the first project for more than 30 years and the tender for the project in Soekmekaar in Cloetesville have already been awarded. The project in Zone O in Kayamandi has started and the horrible circumstances of residents in Mandela City informal settlement has been transformed by nice temporary structures. The final contracts have been signed in the Longlands project that has been coming since 2009.

I also remember our various programs and skills development initiatives.
The Give Responsibly campaign that helps homeless people on a more sustainable basis is still going strong and to date have sold more than 7000 coupons. More than 2800 has been traded in for services.

Klapmuts received a brand new satellite fire station and a beautiful multi-purpose centre.

Franschhoek’s informal trading spaces have been completed as well as the one in Ida’s Valley and it is already being used. We have implemented a new organogram. Our new fire truck with its hydraulic ladder platform that our emergency services has been dreaming about since 2009 also arrived.

This is only some of the highlights, but I can assure you there are still pages more! This does not mean that our work is done. There is still a lot of hard work ahead and I am very satisfied that our Municipality is on its way to excellence.

16 Days of Activism
The annual campaign for 16 Days of Activism against Violence against Women and Children starts on 25 November and continues until 10 December. The events of the past year created greated awareness with us all about how relevant this campaign still is. The past year our newspapers were filled with an overwhelming number of stories about horrible acts committed against women and children. What breaks my heart is the number of times the perpetrator was known to the victim.

We must continue to talk about the prevention of violence against especially women and children. We must be honest with one another about why it happens and we must be aware of the signs of abuse where women and children are victims.

veral mishandeling en geweld teen vroue en kinders. Ons mag nie stilbly oor wat ons weet agter toe deure gebeur nie. Ek weet dit vra baie dapperheid van slagoffers om te praat oor die probleem is, maar ter wille van u eie oorlewing en ter wille van u kinders, praat asseblief. Gil tot iemand u hoor!
Dra asseblief hierdie 16 Dae ŉ strikkie op u bors, sodat ons slagoffers kan bemoedig en vir hulle wys, ons is hier as hulle iemand soek om mee te praat.

Liggiesfees
Ons het hierdie jaar begin om die Liggiesfees uit te brei na ŉ breër gemeenskap, want my droom is om ŉ lekker feesgeleentheid in elkeen van ons dorpies te hou. Op 30 November skop ons af op die Braak in Stellenbosch en op 7 Desember is ons eerste liggies fees in Groendal, Franschhoek! Kom sluit by ons aan! Bring jou vriende en familie saam. Hierdie jaar het ons ook plaaslike talent betrek en het na oudisies in al die gebiede die beste kunstenaars uitgesoek om u te vermaak! Dit was ŉ eerste van sy soort en dis verstommend om al die talent te sien. Ek kan nie wag om die liggies aan te skakel nie!

Veiligheid op die Paaie
Met die Feestyd gaan baie van ons met vakansie. Bestuur asseblief geduldig en versigtig. Veral die van u wat op die langpad gaan , wees asseblief versigtig. Maak seker u motor is padvaardig voor u vertrek en u motorlisensie op datum. Kom asseblief veilig terug elkeen van u is kosbaar vir ons,
As deel van die nasionale en provinsiale veldtogte vir padveiligheid sal ons eie verkeersdepartement ook deurentyd aan diens wees om seker te maak die paaie is veilig vir motoriste en voetgangers. Namens die hele gemeenskap wil ek hulle opreg bedank vir die harde werk wat hulle gedurende feestyd doen. Julle opofferings spaar baie lewens en ons is baie dankbaar vir wat julle doen.

Geseënde Feesseisoen
Die tekens is onmiskenbaar, Kersfees is hier! Die strate is vol liggies en die winkels vol kersmusiek en helderkleurige versierings. Die vakansiestemming is besig om by almal pos te vat en baie mense sien uit vir die tyd saam met vriende en familie. Daar is egter ook baie mense wat oorweldig word deur die eensaamheid die tyd van die jaar. Ek wil u aanmoedig om uit te reik na mense wat vir watter rede ook al eensaam of op hul eie gaan wees gedurende die Feestyd. ŉ Klein gebaar van welwillendheid kan iemand se lewe verander en ŉ groot verskil maak.

Aan al ons inwoners wat Kersfees vier, mag dit ŉ geseënde feestyd wees saam met u familie en vriende. Aan ons inwoners wat Hanukkah vier, mag dit ŉ tyd vol lig en seën wees vir u en u geliefdes.

Namens die hele Munisipaliteit wil ek u ŉ geseënde Feesseisoen en ŉ wonderlike 2020 toewens!

Beste Wense
Burgemeester Gesie

We must not stay silent about what we know happens behind closed doors. I know it takes enormous bravery for victims to talk about this problem, but for your own safety and survival, for the sake of your children please speak out! Scream until you are heard!

Please wear your ribbon during 16 Days so that every victim can be encouraged and to show them we are here if they need someone to talk to.

Festival of Lights
This year we have started with expanding the Festival of Lights to the broader community because my dream is to have a festive event in every one of our towns. On 30 November we kick off on the Braak in Stellenbosch and on 7 December we have our first festival in Groendal, Franschhoek! Come and join us! Bring your family and friends along. This year we also involved local talent and following auditions we selected some of our region's best talent to entertain you. This was a first for us and it was amazing to see all the wonderful talent. I cannot wait to switch on the lights!

Safety on the Roads
During the Festive Season, many of us go on holiday. Please drive carefully and be patient. To those who travel long distances by car please be careful. Make sure your vehicle is roadworthy before you leave and ensure that your vehicle licence is up to date. Please come back safely, you are all precious to us.

Our own traffic officials will be on duty throughout the festive season, as part of the national and provincial campaigns for road safety. On behalf of our entire community I want to thank them for their hard work during the festive season, making sure passengers and pedestrians are safe. Your sacrifice saves lives and we are very grateful for what you are doing.

Blessed Festive Season
The signs are unmistakable, Christmas is here! The streets are full of lights and the shops are full of Christmas music and brightly coloured decorations. The holiday mood is taking us all and many people are looking forward to spending time with friends and family. There are however also many people who are overwhelmed by loneliness this time of year. I want to encourage you to reach out to people who might be lonely, whatever the reason, or might be on their own during the festive season. A small token of kindness can make a big difference in someone's life.

To all our residents who celebrate Christmas, may it be a blessed time with your friends and family. To our residents who celebrate Hanukkah, may it be a time filled with light for you and your loved ones.

On behalf of the entire municipality I want to wish you a blessed festive season and a wonderful 2020.

Best Wishes
Mayor Gesie